



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2016**

### **DRAMATIESE KUNSTE MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

#### **ALGEMENE KOMMENTAAR VIR FOR EKSAMINATORS/ONDERWYSERS:**

1. Kandidate moet na die Dramatiese Kunste teorie verwys sowel as vrae antwoord in konteks met die toneelstuk wat hulle bestudeer het. Volpunte kan nie toegeken word as die kandidaat nie 'n begrip van die teorie van die vak toon nie. Die antwoorde moet vak-spesifiek wees. Maak gebruik van die vrae Wat, Hoekom en Hoe sowel as spesifieke verwysings na voorbeelde uit die toneelstuk.
2. Die voorgestelde antwoorde is dikwels bo Graad 11 leerders se vuurmaak plek en moet dus as 'n leer-hulpbron vir merkers dien.

---

Hierdie memorandum bestaan uit 31 bladsye.

---

**AFDELING A: REALISME****VRAAG 1**

Kandidate verwys na die Realisme toneelstuk wat hulle in die klas bestudeer het. Kandidate moet na kennis oor Realisme en die konvensies daarvan verwys sowel as na voorbeelde uit die toneelstuk wat hulle bestudeer het.

Merkers moet ook oorweging skenk aan die kandidaat se insig by die beantwoording en gebruik van interpretasievaardighede om die stimulus te analiseer asook die reaksie daarop.

Gebruik die volgende rubriek om die kandidaat se antwoord te assesser:

KATEGORIE	PUNTE	BESKRYWING
Uitstekende prestasie	26–30	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goed georganiseerd, volledig en logies, uitstaande struktuur.</li> <li>Toon 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.</li> <li>Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>Insiggewend, vloeiend, observasie en kennis word goed uitgedruk.</li> </ul>
Verdienselike prestasie	21–25	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.</li> <li>'n Hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite.</li> <li>Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>Toon insig, waarneming en kennis word goed verwoord.</li> </ul>
Beduidende prestasie	19–20	<ul style="list-style-type: none"> <li>Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die struktuur.</li> <li>Interessante lees, duidelike stellings, oortuigend, en eenvoudige taalgebruik.</li> <li>Gebruik 'n uitgesoekte relevante dramatiese verwysings.</li> <li>Toon 'n mate van insig, maar nie genoeg nie. Sommige logiese stellings.</li> </ul>
Voldoende prestasie	16–18	<ul style="list-style-type: none"> <li>Struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>Demonstreeer 'n basiese begrip, maar is geneig om meganiese en stereotipiese antwoorde te verskaf.</li> <li>Genoegsame versameling van dramatiese verwysings.</li> <li>Voldoende leesstof, maar voel gememoriseer. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie en 'n gebrek aan verbeelding.</li> </ul>
Gemiddelde prestasie	11–15	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nie altyd georganiseerd of logies nie.</li> <li>Beperkte versameling van inligting en swak taalvaardigheid kan 'n bydraende faktor wees.</li> <li>Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met gepaste voorbeelde te ondersteun nie.</li> </ul>
Basiese prestasie	7–10	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ongestruktureerd, beperkte woordeskat en min poging aangewend om die werk op 'n aanvaarbare wyse aan te bied.</li> <li>Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant.</li> <li>Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie.</li> </ul>
Nie bereik	0–6	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede, benodig ondersteuning.</li> <li>Irrelevant.</li> <li>Eenvoudige frases of woorde wat toon dat die kandidaat geleer het, maar nie verstaan nie.</li> </ul>

Hierdie vraag is meer oor hoe die teks 'n styl weerspieël. Die merker moet die teks self oorweeg soos in klasnotas ontleed.

- Die kandidaat moet 'n begrip van die Teater van die Realisme wys; meestal die bedoelings van die beweging, want dit is waar die temas van 'n realistiese drama kan voortspruit. Byvoorbeeld:

Darwin se teorie dat mense produkte van beide die omgewing en hul eie genetiese samestelling is – die kwessies of omstandighede van die tyd kan 'n impak op 'n bepaalde karakter in die drama het veroorsaak dat hy/haar op 'n sekere manier op tree. Vanuit hierdie gedrag bring die karakter spanning na vore wat uit die subteks voortspruit. Die omstandighede lei die storie in 'n rigting om 'n oplossing vir die karakter te vind. Temas van die spel kan kom uit so 'n hoek, soos die onderwerp of die probleme wat die drama besig is om aan te spreek.

**LET WEL:** Kandidate het verskillende benaderings by die beantwoording van langer vrae en dit moet in die nasienproses in ag geneem word.

- Kandidaat moet kennis van die toneelstuk wat bestudeer is wys.
- In staat wees om die temas te noem, soos in die notas bespreek.
- Kandidaat moet ook in staat wees om kennis van die periode waarin die drama afspeel en die lewenstyl van die samelewing van daardie tyd demonstreer.
- Ook die politiek m.a.w. die oorheersende filosofieë van die tyd en hoe dit 'n impak op die algemene leefstyl van die karakters (mense) in die drama self gehad het.
- Teater van realisme insigself was 'n opstand teen sekere filosofieë wat mense se denke gelei het in die toneelstuk se tydlyn; kandidate moet hierdie begrip aandui en in staat wees om die toneelstuk te gebruik om die verband tussen sosio-politieke situasies en die onderwerpe / temas wat dit na vore gebring het bv.: Industriële Revolusie kan vir 'n karakter werkloosheid beteken; werkloosheid kan die onderwerp / tema van die drama en die proses om 'n werk te vind as 'n doel vir die karakter met die regering (politiek) as die antagonis.

Die nasiener moet probeer om die feite wat kandidate kies raak te sien in hulle antwoord asook hoe dit die tesis wat die kandidaat aanbied verbeter.

- Die kandidaat moet ook 'n begrip toon van die faktore rondom die tydperk van die drama wat 'n invloed op die temas in die drama mag hê.

Nog 'n voorbeeld:

George Bernard Shaw se dramas was gewortel in sy geloof in sosialisme en sy opstand teen kapitalisme. Sy dramas handel oor omstrede en taboe onderwerpe van die tyd. Sommige van die temas in sy toneelstukke het ook prostitusie, armoede, werkloosheid ingesluit. Al hierdie was 'n klap in die gesig van die kapitalistiese regering van sy tyd.

Dit is 'n voorbeeld en nasieners word aangeraai om te merk volgens die ontleding en die kennis na aanleiding van die toneelstuk wat die kandidaat bestudeer.

- Daar is geen spesifieke generiese voorstel behalwe dat die kandidaat die begrip van die Teater van realisme en sy bedoelings asook hoe die drama sprekend van die beweging is.
- Sommige kandidate mag slegs in staat wees om die temas in die konteks van die drama te noem as hulle dit in hul notas van die drama bespreek; 'n paar kan ook, sonder verwysing na die temas in die drama en die invloede van die temas in die Teater van realisme op sy eie noem.

Verdienstelik mag sommige kandidate in staat wees om die temas in konteks met die doelstellings van die Teater van Realisme te verbind en relevante voorbeelde uit die drama haal om die gevolgtrekking van die tesis te verbeter.

Nasieners moet kandidate krediet gee vir feite afgelei van beide die konteks van die toneelstuk en van die Teater van Realisme. Kandidate sal meer krediet ontvang as hulle kan demonstreer dat die gebruik van; toepaslike taal en argument, die vloei en rangskikking van die opstel, die vaardigheid om insig te manipuleer en die teks daarmee te kan verbind, Teater van Realisme en die vraag te verbind.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER**

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

**LET ASSEBLIEF:** Kies 'n ander toneelstuk vir elke vraag wat jy beantwoord.

**VRAAG 2**

- 2.1 Titel van die toneelstuk en naam van dramaturg. (2)
- 2.2 'n Akkurate uitbeelding van die sosiopolitieke konteks van die toneelstuk wat die kandidaat bestudeer het moet duidelik wees. Kandidate moet spesifiek in hul beantwoording wees. (1 punt vir sosiopolitieke feit en 1 punt vir 'n voorbeeld x 4 = 8) (8)
- 2.3 'n Relevante, gepaste antwoord wat direk verband hou met die toneelstuk wat hulle bestudeer het. In die verduideliking moet die kandidate spesifiek wees en die rede vir die gegewe ruimte verduidelik. (4)
- 2.4 Kandidate moet verseker dat hulle nie net die fisiese aspekte van die karakter bespreek nie. Die denkproses en sielkundige natuur van die karakter word ook vereis. (4 punte word toegeken vir fisiese- en 4 punte vir die sielkundige aspekte = 8) (8)
- 2.5 2.5.1 Agitprop  
 'n Politiese boodskap wat deur 'n kunsvorm oorgedra word, met die doel om opskudding (agigate) in die gehoor te veroorsaak en hul boodskap te propageer (propagate). (2)
- 2.5.2 Calvinism  
 'n Vorm van Protestantisme wat deur John Calvin begin is. Dit het 'n streng morele kode van gedrag. Die NG kerk is die grootste Calvinistiese kerk in Suid-Afrika. (2)
- 2.5.3 Alternatiewe Teater  
 'n Reaksie teen die hoofstroom-teater; teater wat revolusionêr of eksperimenteel is. (2)
- 2.5.4 Teater van Versoening  
 Teater wat daarop gemik is om wonde te genees en om voormalige vyande bymekaar te bring in die gees om saam vir 'n nuwe toekoms te werk. (2)
- 2.5.5 Teater van Weerstand  
 Teater wat daarop gemik is om mense te mobiliseer om teen onderdrukking te veg. (2)
- 2.5.6 Fisiese Teater  
 Teater wat meer visueel as ouditief is, wat meer op die fisiese beelde as die gesproke woord fokus. (2)

**2.6 DOELWITTE VAN GEMEENSKAPSTEATER:**

- Om die gemeenskap te leer (of die wêreld buite die gemeenskap) oor die kwessies wat die gemeenskap affekteer, byvoorbeeld Gemeenskapsteater kan gebruik word as 'n instrument om die gemeenskap bewus te maak oor Vigs, of om mense te leer hoe om te stem.
- Om 'n middel van gesamentlike probleemoplossing en konflikthantering te skep.
- Om inkomste te genereer, indiensneming en/of betekenisvolle vrye tyd aktiwiteite vir beide akteurs en die gehoor te skep.
- Om die gemeenskap te bemagtig en sensitief te maak
- Om gemeenskapsgees en eenheid te skep.
- Om vaardigheid-gebaseerde opleiding in die teater en fasiliteringsvaardighede te voorsien. (6)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C: GESTILLEERDE TEATER**

Kontemporêre Pan-Afrikaanse Teater **OF**  
 Elizabethaanse Teater **OF**  
 Teater van die Verre Ooste **OF**  
 Kontemporêre Amerikaanse Teater **OF**  
 Ekspressionistiese Teater

Beantwoord slegs die vraag wat gebaseer is op die toneelstuk en Teaterstyl wat jy bestudeer het.

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE PAN-AFRIKAANSE TEATER**

3.1 Lees die onderstaande uittreksel oor Afrikateater deur Mzo Sirayi en beantwoord die vrae wat volg.

3.1.1 Die leerder kan saamstem of selfs verskil van die stelling wat deur die vraag gemaak is. Dit is in hierdie verband dat die merker diskresie moet beoefen. Let wel op die motivering wat die leerder in hul antwoord gee.

Leerders kan saamstem met die stelling en dit ondersteun met inligting oor die Afrikateater opvoeringsproses. Die meeste Afrika inheemse opvoerings is meestal mondelikse tradisie met die afwesigheid van 'n konkrete teks. Die opvoering het steeds al die basiese elemente van drama en maak gebruik van die metode om teater te skep onafhanklik van 'n teks: die werkwinkel metode. Dit bevestig Afrikateater onder die term werkwinkel op grond van die prosesse van teaterskepping.

Die bogenoemde is 'n voorstel en mag dalk bo die leerder se vuurmaakplek is. Merker moet diskresie gebruik. (3)

3.1.2 Oorweeg die volgende notas in die leerder se antwoord:

In Afrika was die meeste opvoeringsruimtes buite en het nie formele strukture gehad nie. Dit beteken nie dat mense lukraak begin opvoer het nie, die opvoeringsruimtes was dikwels deur priesters en spirituele spesialiste voorberei wat die ruimte gewyd vir die opvoering gemaak het.

Leerders mag selfs 'n deeglike voorbeeld vanuit die toneelstuk wat hulle bestudeer het, of van tradisionele opvoerings binne die raamwerk van hul persoonlike ondervinding gee. (5)

3.1.3 Oorweeg die volgende. Ken een punt toe per feit en 'n ekstra punt vir 'n goed gemotiveerde feit.

- 'n Paar Inheemse Afrika dramas is wel as tekste vasgevang, terwyl die meeste dramas mondelings van generasie tot generasie aangestuur word.
- Gesproke dramas, verhale en morele stories is om die vuur aan kinders vertel en dieselfde tradisie sal deur die kinders as volwassenes gevolg word. (3)

- 3.1.4 Oorweeg die volgende notas wanneer die kandidaat geassesseer word. Ken een punt toe vir 'n kort feit en twee punte vir elke goed gemotiveerde feit.

In baie uitvoerende kunste tradisies in Afrika is die skeiding tussen die akteurs en die gehoor vaag en die vertonings blyk deelnemend te wees. Gehoorlede kan saamsing en lyk of hulle deel vorm van die koor. Kostuums wat slegs hul hande en voete blootstel, beweeg baie van die gemaskerdes tussen die toeskouers terwyl hulle dans, sing, gedigte en verhale deur die hele dorp opsê. Hierdie is in direkte kontras met die formaliteit van die proscenium verhoog wat die Europese teater gedurende die kolonisasie gedomineer het. In realiteit is die akteur-gehoor verhouding in Afrikateater streng geformaliseer met die gehoor wat op spesifieke maniere en slegs op gepaste tye reageer wanneer dit verwag word.

(6)

- 3.1.5 Leerders moet reageer op die vraag met inagneming van die kennis van Afrikateater konvensies en die vaardigheid om dit in die konteks van die toneelstuk wat jy bestudeer het, te identifiseer.



Gebruik die volgende rubriek om die leerder se antwoord te assesseer:

KATEGORIE	PUNTE	BESKRYWING
Uitstekende prestasie	9–10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goed georganiseerd, volledig en logies, uitstaande struktuur.</li> <li>• Toon 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.</li> <li>• Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>• Insiggewend, vloeiend, observasie en kennis word goed uitgedruk.</li> </ul>
Verdienslike prestasie	8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.</li> <li>• 'n Hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite.</li> <li>• Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>• Toon insig, waarneming en kennis word goed verwoord.</li> </ul>
Beduidende prestasie	6–7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die struktuur.</li> <li>• Interessante lees, duidelike stellings, oortuigend, en eenvoudige taalgebruik.</li> <li>• Gebruik 'n uitgesoekte relevante dramatiese verwysings.</li> <li>• Toon 'n mate van insig, maar nie genoeg nie. Sommige logiese stelling.</li> </ul>
Voldoende prestasie	5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>• Demonstreer 'n basiese begrip, maar is geneig om meganiese en stereotipiese antwoorde te verskaf.</li> <li>• Genoegsame versameling van dramatiese verwysings.</li> <li>• Voldoende leesstof, maar voel gememoriseer. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie en 'n gebrek aan verbeelding.</li> </ul>
Gemiddelde prestasie	4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nie altyd georganiseerd of logies nie.</li> <li>• Beperkte versameling van inligting en swak taalvaardigheid kan 'n bydraende faktor wees.</li> <li>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met gepaste voorbeelde te ondersteun nie.</li> </ul>
Basiese prestasie	3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ongestruktureerd, beperkte woordeskat en min poging aangewend om die werk op 'n aanvaarbare wyse aan te bied.</li> <li>• Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant.</li> <li>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie.</li> </ul>
Nie bereik	0–2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede, benodig ondersteuning.</li> <li>• Irrelevant.</li> <li>• Eenvoudige frases of woorde wat toon dat die kandidaat geleer het, maar nie verstaan nie.</li> </ul>

(10)

3.2 Die volgende is van die eienskappe van Afrikateater. Een punt per feit kan toegeken word.

Dit is 'n rituele en simboliese opvoeringsvorm.

Dit is deelnemend en openbaar wanneer opgevoer word.

Dit het 'n musikale basis.

Daar is 'n sterk tradisie van gesproke vertellings.

Die dansvorme is kenmerkend, nie net in hul fisiese kenmerke nie, maar ook in hul funksie binne die totale opvoering.

(3)

- 3.3 Leerders moet in staat wees om 'n toneel uit die toneelstuk wat hul bestudeer het, te kies in konteks met die vraag. Leerders moet 'n in-diepte kennis van Afrika-verhoogkonvensies demonstreer.

Gebruik die volgende rubriek om die leerder se antwoord te assesseeer:

KATEGORIE	PUNTE	BESKRYWING
Uitstekende prestasie	9–10	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goed georganiseerd, volledig en logies, uitstaande struktuur.</li> <li>Toon 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.</li> <li>Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>Insiggewend, vloeiend, observasie en kennis word goed uitgedruk</li> </ul>
Verdienslike prestasie	8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.</li> <li>'n Hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite.</li> <li>Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>Toon insig, waarneming en kennis word goed verwoord.</li> </ul>
Beduidende prestasie	6–7	<ul style="list-style-type: none"> <li>Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die struktuur.</li> <li>Interessante lees, duidelike stellings, oortuigend, en eenvoudige taalgebruik.</li> <li>Gebruik 'n uitgesoekte relevante dramatiese verwysings.</li> <li>Toon 'n mate van insig, maar nie genoeg nie. Sommige logiese stelling.</li> </ul>
Voldoende prestasie	5	<ul style="list-style-type: none"> <li>Struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>Demonstreer 'n basiese begrip, maar is geneig om meganiese en stereotipiese antwoorde te verskaf.</li> <li>Genoegsame versameling van dramatiese verwysings.</li> <li>Voldoende leesstof, maar voel gememoriseer. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie en 'n gebrek aan verbeelding.</li> </ul>
Gemiddelde prestasie	4	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nie altyd georganiseerd of logies nie.</li> <li>Beperkte versameling van inligting en swak taalvaardigheid kan 'n bydraende faktor wees.</li> <li>Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met gepaste voorbeelde te ondersteun nie.</li> </ul>
Basiese prestasie	3	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ongestruktureerd, beperkte woordeskat en min poging aangewend om die werk op 'n aanvaarbare wyse aan te bied.</li> <li>Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant.</li> <li>Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie.</li> </ul>
Nie bereik	0–2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede, benodig ondersteuning.</li> <li>Irrelevant.</li> <li>Eenvoudige frases of woorde wat toon dat die kandidaat geleer het, maar nie verstaan nie.</li> </ul>

(10)

## OF

**VRAAG 4: ELIZABETHAANSE TEATER**

4.1 Die Elizabethaanse mense het oor die algemeen in God geglo, sowel as in die hemel en die hel. Die hiërargiese orde (chain of being) was 'n Middeleeuse filosofie wat steeds deur die Elizabethaanse era bestaan het. Dit was onder andere die geloof dat alles en almal 'n sekere plek in die skepping het. God was aan die hoof van die hiërargie, die regerende monargie was die hoof van die staat, gevolg deur die adellikes en Geestelikes, dan dames en here, gewone mense, diere, plante en daarna die klippe.

Alle mense moes hul plek in die Ketting aanvaar of daar sou chaos en wanorde uitbreek. Onnatuurlike gebeurtenisse, storms, aardbewings en ander katastrofes sou uitbreek sou iemand die Ketting steur. (5)

4.2 Ken TWEE punte toe as leerder 'n karakter noem met die temperament (humour) wat die karakter pas.

Ken VIER punte toe vir hul motivering. Die leerder moet die effek wat die spesifieke temperament (humour) op die karakter het, verduidelik vir TWEE punte en ook 'n voorbeeld gee hoe/ waar dit in die karakter gesien kan word.

EEN van die volgende temperamente (humours) moet in die antwoord bespreek word:

- Swart gal – het gelei tot melancholie en hartseer en het met die element van grond/aarde verband gehou.
- Slym – het jou onopgewonde en traag laat voel en het verband gehou met die element van water.
- Geel gal – het jou prikkelbaar en ongeduldig laat voel en het verband gehou met die element van vuur.
- Bloed – het jou hoopvol en volmoed gemaak en het verband gehou met die element van lug. (6)

4.3 Die akteurs moes opgelei wees en moes kon lees. Hy moes 'n verskeidenheid van toneelspel vaardighede aanleer, byvoorbeeld om te sing, om 'n musikale instrument te speel, swaardveg- tegnieke, die voordrag van baie energieke poësie en om fisies fiks en rats te wees soos die werk vereis het.

Slegs mans was toegelaat om toneel te speel en moes mans- sowel as vroue-rolle speel. Hulle was opgelei om soos vrouens te beweeg, gebare te maak, loop en praat. (6)

4.4 Enige relevante tema kan bespreek word. Gebruik die volgende rubriek as 'n riglyn:

KATEGORIE	PUNTE	BESKRYWING
Uitstekende prestasie	9–10	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goed georganiseerd, volledig en logies, uitstaande struktuur.</li> <li>Toon 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.</li> <li>Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>Insiggewend, vloeiend, observasie en kennis word goed uitgedruk.</li> </ul>
Verdienselike prestasie	8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.</li> <li>'n Hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite.</li> <li>Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>Toon insig, waarneming en kennis word goed verwoord.</li> </ul>
Beduidende prestasie	6–7	<ul style="list-style-type: none"> <li>Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die struktuur.</li> <li>Interessante lees, duidelike stellings, oortuigend, en eenvoudige taalgebruik.</li> <li>Gebruik 'n uitgesoekte relevante dramatiese verwysings.</li> <li>Toon 'n mate van insig, maar nie genoeg nie. Sommige logiese stelling.</li> </ul>
Voldoende prestasie	5	<ul style="list-style-type: none"> <li>Struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>Demonstreer 'n basiese begrip, maar is geneig om meganiese en stereotipiese antwoorde te verskaf.</li> <li>Genoegsame versameling van dramatiese verwysings.</li> <li>Voldoende leesstof, maar voel gememoriseer. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie en 'n gebrek aan verbeelding.</li> </ul>
Gemiddelde prestasie	4	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nie altyd georganiseerd of logies nie.</li> <li>Bepaalde versameling van inligting en swak taalvaardigheid kan 'n bydraende faktor wees.</li> <li>Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met gepaste voorbeelde te ondersteun nie.</li> </ul>
Basiese prestasie	3	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ongestruktureerd, beperkte woordeskat en min poging aangewend om die werk op 'n aanvaarbare wyse aan te bied.</li> <li>Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant.</li> <li>Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie.</li> </ul>
Nie bereik	0–2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede, benodig ondersteuning.</li> <li>Irrelevant.</li> <li>Eenvoudige frases of woorde wat toon dat die kandidaat geleer het, maar nie verstaan nie.</li> </ul>

(10)  
[40]

- 4.5 4.5.1 Deur die deure op die verhoog, deur die valdeur in die verhoog vloer, op die balkon, van die hemele. ENIGE DRIE. (3)
- 4.5.2 Dit was gebruik om kostuums te stoor. (2)
- 4.5.3 Die koningin sal in die hoogste galery op die derde vloer sit. Volgens die hiërargie moes die gewone mense in die put staan en kyk terwyl die dames en here (adellikes en handelaars) in die galerye sou sit. Hoe hoër op jy in die hiërargie was, hoe hoër het jy gesit. Daarom sou die kerkmonarg en uiteindelik die koningin heel bo in die galei op die derde vloer gesit het. (4)
- 4.6 Die verhoogruimte is nie ontwerp vir 'n Boks-stel (box set) wat ooreenstemmend met Realisme is nie. Omdat die verhoog-ontwerp die vorm van 'n driekantverhoog (thrust stage) aanneem, is dit onmoontlik om die vierde denkbeeldige muur op 'n Elizabethaanse verhoog te skep. (4)
- Enige ander relevant verduideliking. (4)

**[40]****OF**

**VRAAG 5: TEATER VAN DIE VERRE OOSTE**


5.1 Titel van die toneelstuk sowel as die naam van die dramaturg. (2)

5.2 Kandidaat moet die volgende inligting in hul antwoord insluit:

- Kabuki teater is baie kleurvol in styl.
- Verhalend in styl, dit fokus daarop om 'n verstaanbare storie te vertel en die gehoor met 'n skouspel te vermaak.
- Kabuki maak gebruik van 'n rangskikking van verskeie verhoogstelle en ook verskeie stelverandering, groot rolverdeling, kleurvolle kostuums, en soms ook verskeie kostuum veranderinge, 'n uitgebreide musikale ensemble wat vergesel word deur aparate vir verskillende klank.
- Kabuki maak gebruik van kleurvolle grimeringspatrone.
- Spesiale effekte sluit trap door en wirework in.
- Dramatiese poserings wat "mie" genoem word.
- Uitdruklike vorm van chanting word gebruik.
- Kleurryke sowel as buitengewone kostuums

(6)

5.3 Die volgende is 'n diagram van die vloerplan van 'n tradisionele Kabuki teater insluitend die uitleg van die verhoog en waar die gehoor sal sit. (8)



(6)

## 5.4 Siviële-opvoerings – sosiale en huishoudelike temas.

Militêre toneelstukke – avonture van soldaat brigades

(4)

## 5.5 Die gebruik van grimering in Teater van die Verre Ooste is baie belangrik. Bespreek die gebruik van grimering in Sjinese Teater.

Gebruik die volgende rubriek om die leerder se antwoord te assesseer:

KATEGORIE	PUNTE	BESKRYWING
Uitstekende prestasie	9–10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goed georganiseerd, volledig en logies, uitstaande struktuur.</li> <li>• Toon 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.</li> <li>• Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>• Insiggewend, vloeiend, observasie en kennis word goed uitgedruk.</li> </ul>
Verdienslike prestasie	8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.</li> <li>• 'n Hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite.</li> <li>• Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>• Toon insig, waarneming en kennis word goed verwoord.</li> </ul>
Beduidende prestasie	6–7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die struktuur.</li> <li>• Interessante lees, duidelike stellings, oortuigend, en eenvoudige taalgebruik.</li> <li>• Gebruik 'n uitgesoekte relevante dramatiese verwysings.</li> <li>• Toon 'n mate van insig, maar nie genoeg nie. Sommige logiese stelling.</li> </ul>
Voldoende prestasie	5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>• Demonstreer 'n basiese begrip, maar is geneig om meganiese en stereotipiese antwoorde te verskaf.</li> <li>• Genoegsame versameling van dramatiese verwysings.</li> <li>• Voldoende leesstof, maar voel gememoriseer. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie en 'n gebrek aan verbeelding.</li> </ul>
Gemiddelde prestasie	4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nie altyd georganiseerd of logies nie.</li> <li>• Beperkte versameling van inligting en swak taalvaardigheid kan 'n bydraende faktor wees.</li> <li>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met gepaste voorbeelde te ondersteun nie.</li> </ul>
Basiese prestasie	3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ongestruktureerd, beperkte woordeskat en min poging aangewend om die werk op 'n aanvaarbare wyse aan te bied.</li> <li>• Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant.</li> <li>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie.</li> </ul>
Nie bereik	0–2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede, benodig ondersteuning.</li> <li>• Irrelevant.</li> <li>• Eenvoudige frases of woorde wat toon dat die kandidaat geleer het, maar nie verstaan nie.</li> </ul>

(10)

- 5.6 Kandidaat moet 'n in-diepte kennis van die toneelstuk wat hulle bestudeer het, demonstreer.  
Hul kennis van die temas moet in hul antwoord gereflekteer word, veral met die vraag as 'n riglyn. Kandidaat moet ook die elemente van Teater van die Verre Ooste verstaan en dit op die vraag toepas.

Gebruik die volgende rubriek as 'n riglyn:

KATEGORIE	PUNTE	BESKRYWING
Uitstekende prestasie	9–10	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goed georganiseerd, volledig en logies, uitstekende struktuur.</li> <li>Toon 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.</li> <li>Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>Insiggewend, vloeiend, observasie en kennis word goed uitgedruk.</li> </ul>
Verdienselike prestasie	8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.</li> <li>'n Hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite.</li> <li>Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>Toon insig, waarneming en kennis word goed verwoord.</li> </ul>
Beduidende prestasie	6–7	<ul style="list-style-type: none"> <li>Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die struktuur.</li> <li>Interessante lees, duidelike stellings, oortuigend, en eenvoudige taalgebruik.</li> <li>Gebruik 'n uitgesoekte relevante dramatiese verwysings.</li> <li>Toon 'n mate van insig, maar nie genoeg nie. Sommige logiese stelling.</li> </ul>
Voldoende prestasie	5	<ul style="list-style-type: none"> <li>Struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>Demonstreer 'n basiese begrip, maar is geneig om meganiese en stereotipiese antwoorde te verskaf.</li> <li>Genoegsame versameling van dramatiese verwysings.</li> <li>Voldoende leesstof, maar voel gememoriseer. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie en 'n gebrek aan verbeelding.</li> </ul>
Gemiddelde prestasie	4	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nie altyd georganiseerd of logies nie.</li> <li>Beperkte versameling van inligting en swak taalvaardigheid kan 'n bydraende faktor wees.</li> <li>Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met gepaste voorbeelde te ondersteun nie.</li> </ul>
